

Sondag 13 September 2020

Tema: Gestroop van my kleed!

Teks: Gen 37-50

Koninkrykstyl

In die kerklike jaar bevind ons ons nou in Koninkrykstyl.

- Die tydperk na Pinkster tot en met Advent staan in die kerkjaar bekend as Koninkrykstyl.
- Dit gaan in Koninkrykstyl daarvoor dat die **heerskappy** van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) **sigbaar sal wees in elke faset van die lewe**.
- Ons word herinner aan die **roeping** om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die **alledaagse lewe uit te leef**.
- Deur **ons optrede** moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons **betrokkenheid** by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.
- Koninkrykstyl herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen woord en daad.

'n Verhaal in die Bybel wat ons hiermee kan help is die verhaal van Josef, daarom dat hierdie baie gepaste verhaal dan vir 2 Sondae as preektekste voorgeskryf word in hierdie tyd. Ek gaan vir die volgende twee Sondae stilstaan by die verhaal van Josef.

Die verhaal

Ons gaan 'n oorsig doen oor die hele verhaal en dan sal ek die gepaste teksgedeeltes uitlig deur die loop van die preek.

Die verhaal van Josef – Gen 37-50

Josef is een van die seuns van Jakob, Jakob wat deur sy skoonpa Laban om die bos gelei word en dan met beide Laban se dogters trou, nou weet ons dat Josef aanvanklik vir Ragel gewerk het, maar eers vir Lea kry. Josef is dan Jakob se geliefde seun omdat dit die seun is wat gebore is van Ragel. Ons kry dus die gevoel van so bietjie van 'n **disfunksionele** gesin. Josef is sy pa se witbroodjie, wat natuurlik nie goed afgaan by sy broers nie. Josef is die gunsteling.

Gen 37:3 staan dit in soveel woorde: "*Van al sy seuns was Jakob die liefste vir Josef...*".

Sy pa maak selfs vir hom 'n spesiale kleed/jas wat hom nog meer laat uitstaan en maak dat hy bietjie **arrogant** ook raak. Wat dit nog erger maak is dat hy slegte stories oor sy broers aandra.

Dan gee God vir hom **sekere drome** (koringgerwe en maan en sterre buig) en in plaas daarvan dat hy die drome koester, **blaker hy dit** uit en vertel vir sy familie dat die drome sê dat hulle nog eendag voor hom gaan buig. So asof hy **belangriker** as hulle is.

Toe, op 'n dag begin dinge sleg **skeefloop** in sy lewe. Josef word letterlik en figuurlik gestroop van alles. Dit alles het gemaak dat sy broers **jaloers** is op hom en van hom wil ontslae raak. Toe Josef sy broers, wat besig was om vee op te pas, gaan besoek, sien hulle hom op 'n afstand en beraam 'n plan.

Hulle besluit eers om hom **dood** te maak, maar uiteindelik gooi hulle hom in 'n **put**. Toe daar 'n klomp Medianitiese handelaars verbykom, **verkoop** hulle hom as 'n slaaf. Hulle stroop hom egter van sy **KLEED/JAS**, bevlek dit met bloed en vertel vir hulle pa Jakob dat 'n wilde dier vir Joses moes verslind het.

So beland Josef toe as 'n slaaf in **Egipte** in die huis van Potifar op 17-jarige ouderdom en daar heers groot harsteer en skuldgevoelens in die huis van Jakob.

Daar in die huis sien **Potifar se vrou** eendag vir Josef raak en hy lyk vir haar na 'n aantreklike jongman en sy probeer hom **verlei**. Toe hy nie wil toegee nie, beskuldig sy hom valslik dat hy haar wou **verkrag** en so beland Josef toe onskuldig in die tronk.

Terwyl hy in die tronk is, word **twee van die koning se amptenare**, bakker en skinker saam met hom opgesluit en leer vir Josef ken. Een nag toe **droom** hulle en Josef lê hulle drome uit en dit word waar. En Josef vra vir hulle om tog vir hom 'n **goeie woordjie** te doen wanneer hulle vrygelaat word, maar natuurlik vergeet hulle van hom. En Josef bly vir nog twee jaar in die tronk.

Twee jaar later het die **koning 'n droom**, wat niemand kan uitleg. En skielik onthou een van die amptenare, die skinker, vir Josef en die koning laat hom kom en hy lê die koning se droom uit en **hy gee vir God die eer daarvoor**. As gevolg van die droom se uitleg word Egipte toe gered van hongersnood en die koning is so beïndruk dat hy vir Josef as sy **tweede in bevel** aanstel.

Volgende Sondag gaan ons so bietjie verder met die verhaal as die hongersnood kritiek begin raak in Israel en Josef se broers dan kom kos soek in Egipte.

Tema: Gestroop van jou kleed.

Josef se jas/kleed

'n Groot deel van die drama in hierdie verhaal wentel om die kleed of jas van Josef.

Gen 37:3-4 Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef **lang klere met moue gemaak**. 4 Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie.

Gen 37:23-24 Josef het skaars by sy broers aangekom of hulle trek sy klere uit, die lang klere met moue wat hy aangehad het, 24 en vat hom en gooi hom in die put.

Gen 37:31-34 Maar sy broers het 'n boklam geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop. 32 Toe stuur hulle Josef se klere met 'n boodskap vir hulle pa: "Ons het dit opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is." 33 Israel het dit herken en gesê: "Dit is my seun se klere. 'n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet!" 34 Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur.

Ons lees in Genesis 37:3 van Jakob se liefde vir sy seun Josef en die feit dat hy aan hom 'n lang kleurvolle kleed gegee het wat moue gehad het (Gen 37:3). Die term wat gebruik word vir die kleed (*kūt-tō'nět*,) suggereer volgens sommige geleerdes dat dit soos 'n koningskleed kon wees. Sommige vertalings vertaal dat dit 'n kleurvolle kleed was. Klere was in die antieke tyd dikwels met eer en rykdom verbind. Die broers van Josef het vee in die veld opgepas. Ons weet vandag dat die klere van herders van growwe materiaal gemaak is en baie vuil was omdat hulle in die oop veld moes werk en slaap. Jakob het duidelik deur sy handeling geïllustreer dat Josef sy gunsteling

was. Jakob was baie lief vir Josef se ma (Ragel) en die seun is vir hom gebore toe hy al oud was. Josef se broers was baie jaloers daarop.

Die punt van die storie is bloot om te illustreer dat Jakob vir Josef baie liefgehad het en hom so bietjie voorgetrek het en dat hy in die oë van sy pa meer eer en waarde gehad het as die ander broers.

Hier is 'n voorbeeld uit die Harper's Bible Dictionary van hoe die antieke klere gelyk het. Josef se broers het moontlik klere gehad soos die 1b voorbeeld, terwyl Josef 'n "tunic" gedra het wat kleurvol was (vgl. Nr 2)

Ancient Styles of Dress: 1a. One type of linen cloth (Semitic, ca. 1000 B.C.); 1b. Animal skin; 2. Men's tunic or coat; 3. Men's mantle; 4. Himation; 5. First-century cloak or cape. (HBD p. 227)



Dis juis met hierdie jas wat al die moeilikheid begin het. Dis 'n baie besondere jas wat Jakob vir sy gunstelingseun gegee het. Nie omdat dit so bont was, soos ons aanvanklik gedink het nie, maar omdat dit 'n baie luukse jas was. Oor eeue was daar al baie gespekuleer oor die JAS, soveel so dat daar gese word dat dit 'n kleurvolle JAS was, daar is self predikers wat spesifieke betekenis aan sekere kleure van die jas gee. Hoe dit ook al sy, al wat die Bybel vir ons sê is dat dit 'n baie spesiale jas was en dat dit die broers jaloers gemaak het en vir Josef, kan ons maar sê so bietjie arrogant en windmakerig. Josef se dromery en stories-aandraery het ook nie juis gehelp nie. 'n Mens kry die gevoel Josef was 'n bra arrogante mannetjie. En die laaste strooi is dalk as hy sy broers in die veld gaan opsoek met sy koninklike gewaad aan.

Maar toe verander alles. **Die koninklike jas wat sy pa hom gegee het om hom te onderskei, om sy liefde vir sy seun te bevestig, word ironies genoeg gestroop van sy lyf, word geskeur en bevlek met bloed, word 'n vals bewysstuk, word die draer van die ergste, slegste nuus wat sy pa Jakob nog gehoor het.** Josef is op pad Egipte toe waar 'n nuwe lewe as slaaf wag. **Jy kan sê dat Josef saam met sy kleed gestroop is van alles.** Hy is gestroop van sy bevoorregte status, gestroop van die sekuriteit van sy pa se liefde, en gestroop van alles wat tot dusver vir hom saak gemaak het. Die bodem het inderdaad totaal uit Josef se lewe uitgeval.

DUS - Die kleed bring aanvanklik, of is die simbool van die spanning in die verhaal.

- Spanning tussen Josef en sy broers
- Spanning tussen Josef se broers en hulle pa.

Josef word dan gestroop van sy kleed en nou begin die moeilikheid

- Josef word gestroop van sy kleed deur sy broers
- Die kleed is die draer van die slegte nuus vir Jakob – die bloedbevlekte kleed, roofdier het Josef opgevreet

- Josef word weggevoer na 'n vreemde land, sy hele lewe verander as't ware toe hy gestroop word van sy kleed.
- Jakob treur vir die res van sy lewe
- Die broers leef in vrees en met skuldgevoelens.

Verband met ons konteks

Soos Josef, beleef ons in ons lewens ook hierdie **gestroopte ervarings**. Dinge gebeur wat ons soms letterlik en figuurlik stroop van ons kleed, van ons klere. Negatiewe goed, slegte goed gebeur wat jou stroop van baie dinge, soms soos in die geval van Josef, van alles.

- Baie maal is dit **jou eie toedoen**, jou eie skuld – Gedeeltelik waar in die verhaal van Josef, Josef se arrogansie en hoogmoed
- Soms is dit **onregverdige handeling van ander mense**, dws mense wat jou stroop daarvan – Groot deel van die verhaal van Josef is juis dit...Josef se broers verkoop hom, Potifar se vrou ens
- Soms gebeur goed ook, en **jy weet nie wie dit is nie**, waar dit vandaan kom nie, natuurrampe, virusse, ens – Hongersnood en droogte in die verhaal van Josef

So sou ons kon sê dat die korona, die Covid-19 pandemie ons in 2020 kom stroop het van ons kleed, vir baie van ons letterlik en figuurlik gestroop het van ons kleed –

- **Siekte en dood** - Die realiteit en vrees van siekte en die dood
- **Verhoudings gestroop** – verhoudings en kontak met mense, vryheid om rond te beweeg, skade in gesinsverhoudings. (Rosemarie, Adel, ens)
- **Ekonomies gestroop**, kyk maar na die ekonomie van ons land, val van persoonlike inkomste, werksverlies, ens
- **Geestelik gestroop** – kan nie kerk toe kom nie, gemeenskap van gelowiges
- **Gestroop van geleenthede** (verlies van ervarings) – skole, matrieks, sport en kultuurgebeure, matriekafskeid, vakansie ens
- **En die stroping blyk nog voort te sleep** en dalk vir lank nog in hierdie land van ons, met soos hulle dit noem 'n tweede en derde pandemie van ekonomiese verlies, werkloosheid en skuld.

Gestroop van jou kleed, wat jou kleed ook al mag wees. Identifiseer jy (ons) op 'n manier met Josef, op pad Egipte toe, weg van die sekuriteit en voorspoed wat jou kleed vir jou gebied het.

Waarvan is jy dalk gestroop, die afgeope koronatyd of dalk voor die virus, dalk iets wat niks met korona te doen het nie?

Geloofskrisis

As gelowiges laat dit ons onwillekeurig vrae vra oor godsdiens, oor God, oor geloof, my geloof, God se betrokkenheid en beheer in die lewe, die wêreld. Trouens, amper nou meer as ooit tevore is dit die gesprekke op die tafel, want almal is op 'n manier, op een of ander wyse gestroop van iets. Kan ek maar sê dit laat ons so bietjie in 'n geloofskrisis. Dit laat my soms die vrae vra soos, Hoekom Here, Waarom Here, Waar is U Here, wie se skuld is dit dié. Dit dompel mens soms in 'n geloofskrisis, laat jou vra vra soos waar is my geloof, voel asof ek God verloor het?

Die verhaal van Josef help ons?

Ek dink die verhaal van Josef, Josef wat gestroop is van sy kleed, kan vir ons in 'n tyd wat ons ook elkeen iets van gestrooptheid beleef en ervaar nogal help.

Dit is ook 'n belangrike verhaal om nou gedurende Koninkrykstyding te lees en oor te vertel. **Die verhaal van Josef is waarskynlik in na-ballingskaptye opgeskryf, toe die Israeliete uit ballingskap teruggekom en weer moes glo dat alles wat met hulle gebeur het, deel van God se plan is. Hulle moes saam met God sin maak uit wat met hulle gebeur het.**

Dit is 'n koninkryksverhaal, die verhaal van iemand wat in wrede wêreld met net God as geselskap oorleef het.

Wat kan ons leer by die verhaal van Josef, maar nog meer wat, **WIE sit agter, bo-oor, binne die verhaal, wat maak dat Josef fisies en geestelik kan oorleef.**

Hoe help die verhaal van Josef ons in 'n tyd wat ons gestroop is van ons kleed?

Lesse te leer uit die lewe van Josef

1. Die lewe is nie net opwaarts nie.

Die lewe is nie net maanskyn en rose nie. Dit skets die verhaal van Josef vir ons baie duidelik. Aanvanklik begin Josef se lewe op 'n positiewe en goeie noot vanuit sy perspektief, maar wanneer die moeilikheid kom, kom dit vinnig en baie, thick and fast soos die Engelsman sal se...

- Put, verkoop, Egipte, ver van sy mense, valslik beskuldig, tronk, skinker en bakker vergeet, verlange na sy familie, ens

Trouens die Bybel is juis vol verhale, as ons mooi daarvoor nadink, verhale van negatiewe, moeilike gestroopte situasies. Die Bybel, die verhaal van Josef is baie duidelik hieroor. Die lewe is nie maklik en eenvoudig, net opwaarts nie.

Negatiewe goed, slegte goed gebeur, **selfs met kinders van GOD.**

2. Dit maak nie sin nie, ons verstaan nie! – maar God is agter die skerms besig

Hoeveel dink jy verstaan Josef van wat gebeur met hom? Op 17-jarige ouderdom het hy alles gehad, dit het baie goed gegaan met hom – kleed, liefde van sy pa, dan ook nog die drome, die vooruitsig dat hy koning/leier gaan word, dat sy mense, dat mense voor hom gaan kom kniel. Groot waarde aan drome, maniere wat God met mense gepraat het. Josef dink by homself, dit kan nie nog beter gaan nie. He was made...?

Dan ewe skielik gebeur dit, word Josef gestroop van alles en nou hoeveel duisende km van sy pa in Egipte, slaaf. Wat moes Josef gedink het, wat moes deur sy kop gegaan het, 17-jarige bedorwe brokkie. Persoonlike krisis, om nie eers van 'n geloofskrisis te praat nie.

Beleef ons nie ook baie maal hierdie onsekerheid verwaring, geloofskrisis nie. Dink jou in Josef se situasie in! **Mens sou met goeie reg kon se, maar waar is GOD in die verhaal.** Trouens in hoofstuk 37, word daar nie eers melding gemaak van God nie.

Waar is God, dit blyk dat God afwesig is. (Geloofskrisis)

Dan lees ons in Gen 39:2 **Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom.**

Wat my eerstens opval in die gedeelte, nadat ons lees van al die slegte goed, negatiewe goed wat gebeur. Trouens, ons lees van 'n arrogante selfgesentreerde Josef, ons lees van alles wat sy naby-mense, sy broers aan hom gedoen het, ons lees nie eers eenkeer van God nie. Dan lees ons hier niks van Josef se reaksies en wat Josef doen en dink nie ...nadat Josef gestroop is van sy kleed lees ons heel eerstens van GOD - Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Wat 'n geloofsverklaring

Iemand skryf so hieroor - Wanneer ons verhale nie van die **aanwesigheid** van God getuig nie, wanneer ons God nie eers in die prentjie bring nie, beteken dit nie God is afwesig nie. **God is altyd daar.** God het Sy oog op die langtermyn. **God is besig om deur mense en verhoudinge se mislukkinge aan God se heerlike doel te werk.**

Is dit nie ook maar hoe ons baie maal dink oor ons gestrooptheid nie, sien nie vir God raak nie, maar God is agter die skerm besig om te werk aan die groter plan. Ons ken die uiteinde van die verhaal van Josef, hoe daar seën kom vir die huis van Jakob. Hoe God met hierdie krisis sorg vir almal. Dit maak dit vir ons makliker om oor die verhaal van Josef te preek.

Die realiteit is dat in die oomblik sien jy (ons) dit nie raak nie, nie die groter prentjie nie. Iemand verduidelik dit met die kyk deur 'n sleutelgat. As krisisse en uitdagings kom, dan kyk ons baie eng, soos deur 'n sleutelgat, ons sukkel om die groter prentjie te sien, en dan eendag gaan die deur oop en sien ons wat eintlik agter die deur is ...

Josef se verhaal help om die groter prentjie te sien

3. Verlede, hede en toekoms

Gen 45:5 Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uitgestuur om lewens te red.

- Die realiteit is, Josef ontken nie die situasie nie, die daad van die broers nie. Die realiteit is, julle het my verkoop, julle het my gestroop van my kleed.
- Hoeveel jare later as ek terugkyk, sien ek hoe God daardie negatiewe situasie positief aangewend het.

Ek wonder of ons nie te veel fokus, te vasgevang is in die hede, in die nou nie. Ons weet van die verlede en is bewus dat 'n toekoms wag, maar eintlik gaan ons hele bestaan en verbeelding oor ons lewe in die hede.

In die verhaal van Josef sien ons hoe God vir Josef help om te besef dat hy van iewers af kom, dat God nog altyd daar was, maar dat God ook 'n plan in die nou het vir die toekoms.

In die Josef-verhaal sien ons iets hiervan.

- God was reeds in die vorige vier eenhede aanwesig en het aktief gehandel. Die manier waarop God Godself reeds openbaar het, is bepalend vir die verwagting oor hoe die hede en toekoms gaan uitspeel.

Nog belangriker is dat God, wat in alle tye tot dieselfde mate teenwoordig is, die geskiedenis voortstu op 'n wyse waarop God se bedoelinge 'n werklikheid word.

- God is in die hede teenwoordig op 'n wyse wat die toekoms beslissend in die rigting van God se trou en versorging van God se mense stuur.

Dit sluit nie swaarkry, menslike foute, kortsigtige sonde, kleinlikheid en opstand uit nie. Dit sluit nie rampe, soos Covid-19, uit nie.

Maar ons ken God se openbaring en weet daarom hoe God optree. **Ons weet wat ons van God kan verwag.** Ons weet nie alles van God nie, maar ons weet God is soos God Godself in die geskiedenis openbaar. Hierdie God wag ons in die toekoms in, ook wanneer die droogte ons knou en die koronavirus onder ons maai. Wanneer ons gestroop word van alles.

Ons kan op hierdie God, met alles wat ons is en het, vertrou. Ons kan na hierdie God bly draai en God bly dien.

Vanuit hierdie perspektief kan ons kyk na die lewe van Josef en wat ons by Josef kan leer. Nie omdat Josef so wonderlik is nie, maar omdat God teenwoordig is en dit moontlik maak. As ons vir God sien in die verhaal, dan kan ons na die lewe van Josef gaan kyk en wat kan ons daaruit leer, vanuit die fondament wat God lê in die verhaal.

Josef was te vol van homself – Sy spoggerige JAS was ‘n uitbeelding hiervan

Met die insig waarmee ons vandag die storie lees, weet ek en jy, dat die Josef van Kanään nie vir God bruikbaar was nie. **Daarvoor was hy eintlik nog net hopeloos te vol van homself, en solank alles vir jou net om jouself draai, kan God jou nie gebruik nie, en kan sy plan vir jou lewe nie waar word nie.** Jy moet eers vry kom. Jy moet eers gestroop raak van alles wat jou terughou, en dis partykeer ‘n uiters pynlike proses. **Josef se spoggerige jas was eintlik nie net ‘n simbool van hoe belangrik hy in sy pa se lewe was nie, maar ook van hoe belangrik hy nog vir homself was. Eers as hy gestroop was daarvan, kon hy nou aan sy lewensdoel begin beantwoord.**

Ek en jy? Ons is almal ingeskryf vir ‘n leerskool wat vir ons almal minder of meer pynlik is. Dalk verstaan jy ook niks van die pad wat God nou met jou loop nie. Dalk maak dit vir jou niks sin nie. Is dit net swaar en seer. Maar wie weet, dalk is God besig om jou nou te louter, te vorm, sodat jy vir Hom werklik bruikbaar kan wees.

En dalk hier is dit belangrik!!! Dit wat gebeur met Josef is nie God se skuld nie. Dis sy broers en Jakob en Josef en Potifar se vrou, Potifar en skinker en Josef se eie skuld. **Die realiteit is, God gebruik dit, God sien en het ‘n groter plan.**

Sodat jy regtig aan jou lewensdoel kan begin beantwoord, en so ware geluk kan smaak. Wie weet, dalk gaan jy ook eendag terugkyk en beseef dat hierdie smeltkroes die mees betekenisvolle tyd van jou lewe is... Daarom moet ons net aanhou vertrou. Aanhou sy hand vashou. Want Hy *het* ‘n plan met jou...

Groei is moontlik – al is die situasie hoe sleg

Daar is groei in Josef se persoonlikheid. Die arrogante, bedorwe klein brokkie wat ons ontmoet aan die begin van die Josefsgeskiedenis verander, groei na volwassenheid toe. Dit is iets wat ons kan toepas in ons eie lewe. Ons hoef nie te bly soos ons is nie, ons kan groei in ons persoonlikheid sodat ons mooier mense word en baie maal is gestroopte tye, groeitye.

Ons sien in die verhaal van Josef hoe hy groei

- van 'n verwaande tiener wat net aan homself dink, tot iemand wat verantwoordelikheid kan neem.
- hy groei van 'n slaaf tot hoof van Potifar se huishouding.
- hy groei in die tronk van 'n veroordeelde slaaf tot iemand wat 'n leierskapsposisie onder die ander gevangenes beklee.
- hy groei van 'n tronkvoël tot die heerser van Egipte.
- wanneer hy die heerser is, lê hy nie agteroor en rus nie. Hy moet die uiters moeilike situasie van 'n erge droogte bestuur. In die vet jare beweeg hy oor die hele land heen en koop koring op. Hierdie koring is jare lank goed bewaar in die farao se skure. En toe kom die maer jare. Nou toon Josef besondere vaardighede ten einde hierdie massiewe menslike drama te bestuur.

Kortom, die les wat ons uit Josef se verhaal leer – en wat die Bybel wil hê ons moet leer – is dit: 'n Mens kan in die moeilikste situasies groei. Josef groei vanaf sy selfgesentreerde ek-drome na God-drome.

Hoe lyk hierdie groei in Josef se lewe prakties

Vriende, en dit is dalk die moeilike, die uitdagende van die teks, want die vraag is hoe gaan hierdie verhaal van die gestroopte kleed my help, my verander, my anders laat optree, juis hier in Koninkrykstyding. Ek reken daar is 'n verband met Josef se lewe en die lewe vandag en dalk nog baie meer spesifiek met ons situasie hier in 2020 in SA.

- **Josef doen goed aan ander.** Josef doen goed aan ander sover as wat hy gaan te midde van sy situasie en onreg wat aan hom gedoen is. Potifar se huis, in die tronk, hy help sy broers – die mense wat hom in die eerste plek in Egipte laat beland het – met genoeg kos om van te lewe. Hy is positief teenoor Egipte, die plek waar hy hom bevind
- **Josef lewer diens.** Josef lewer uitstekende diens in Potifar se huis, in die tronk, in die hofhouding van die Egiptiese farao. In Suid-Afrika het ons mense nodig wat uitstekende diens moet kan lewer in elke sektor van die samelewing. Die diens wat jy lewer in jou beroep, in die gemeenskap, in die kerk is niks anders as 'n stuk dissipelskap wat ons moet uitleef. **God gebruik Josef om 'n hele land en nog sy eie mense ook te red.** Sê dit nie dalk vir ons iets oor ons ingesteldheid tov die uitdagings in ons eie land nie? Dalk net op klein skaal, besig om te werk aan VKO, verlede Woensdag gesprek gehad om betrokke te raak daarby, dalk vir 5-6 kindertjies 2-5 jaar.
- **Wees pro-aktief, Positief Beplan.** Josef beplan om uit die tronk te kom deur vir die skinker te vra om tog vir hom 'n goeie woordjie te doen. **Wees pro-aktief.** Probeer om nie net altyd reaktief/negatief op dinge wat gebeur te reageer nie, nie negatief te wees nie Josef het goed beplan vir 'n komende droogte en hongersnood. Daarom, neem inisiatief, wees kreatief, maak voorsiening vir 'n onverwagte situasie. Beplan jou lewe. Nêrens lees ons dat Josef negatief praat nie,

van waar hy was, dws ons kan verander, van arrogant en selfgesentreerd tot positief praat.

- **Lewer 'n getuienis van jou verhouding met die Here.**
 - **Potifar se huis. Gen 39** lees ons hoe Josef sy getuienis in die huis van Farao uitleef en hoe die huis van Farao geseën word, nog meer toe Potifar se vrou Josef wil verlei, getuig Josef oor sy verhouding met God. Gen 39:9-10 Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!" 10 Sy het dag vir dag by Josef aangehou, maar hy het bly weier om by haar te gaan slaap.
 - **Tronk. Gen 40:8b** "Toe sê Josef vir hulle: "God ken julle drome se uitleg. Vertel die drome vir my."
 - **Farao se droom.** Toe Josef by die farao kom om sy droom uit te lê sê hy vir die koning: "*dit is nie ek nie, God gee die goeie antwoord vir u*" (Gen 41:16). Wees 'n getuie van die Here se genade in jou lewe daar in u omgewing waar jy leef en werk en speel.
- **Leef 'n lewe van versoening, volgende week meer hieroor.** Josef se broers het 'n vreeslike ding aan hom gedoen. Toe hulle pa sterf het hulle gedink: nou gaan Josef ons bykom, nou gaan hy vergelding eis. Dan vra hulle vir Josef: "*Vergeef ons tog nou die misdad*" in vers 17. **Wat doen Josef?** Hy huil. Hy het hulle eintlik lankal vergewe, daar kom versoening. Josef, die een aan wie die onreg gedoen is, vergewe. Die gevolg van versoening is vrede. Dit is wys om 'n lewe van versoening, van vrede te leef.
- **Hy styg uit bo sy omstandighede.** Hy word nie 'n slagoffer van sy omstandighede nie. Hy kry nie homself **jammer** en voel dat die wêreld hom skuld nie. Hy is nie 'n victim nie. Binne SA konteks, binne sy uitdagings bv in Potifar se huis as slaaf – styg hy uit, in die tronk as tronkvoël - styg hy uit, vreemde land as vreemdeling - styg hy uit.
- **Hy gebruik die gawes wat God vir hom gegee** het om uit sy slegte situasie te kom. Hy het die gawe gekry om **drome** uit te lê, en hy was 'n **goeie administrateur en bestuurder**. Hy gebruik dit om uit sy omstandighede uit te kom. Deur sy gawes te gebruik, vorder hy van 'n slaaf tot die hoof van Potifar se huishouding. In die tronk word hy in beheer geplaas van al die gevangenes. Hy lê die amptenare en die koning se drome uit en word dan aangestel as die tweede in bevel in Egipte. Hy laat nie toe dat sy omstandighede hom onderkry nie. **Met God se hulp styg hy bo sy omstandighede uit. Hy is met ander woorde nie 'n victim van die onreg wat hom aangedoen is nie.**
- **Hy hou aan om op God te vertrou.** In sy omstandighede sou dit maklik gewees het om kwaad te word vir God oor al die dinge wat hom aangedoen is. Dit sou maklik gewees het om vir God af te skryf. Maar hy doen dit nie. Hy hou aan om op God te vertrou. En deur die hele storie sien mens hoe God betrokke bly en vir hom krag en insig en leiding gee. Dit word bevestig deur die naam van Josef se tweede seun. Sy tweede seun se naam is Efraim, dit beteken "vrugbaar" – want, sê Josef, "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is." Hy hou vas aan God te midde van sy slegte omstandighede.

God kan ons lewensverhaal herskryf

Josef se lewe het diep donker tye gehad. In 'n put, versaaak deur sy broers. As 'n slaaf, wat onregverdig in die tronk gegooi word. Wat 'n pad saam met God stap, maar twee jaar lank vergeet die skinker, wat hy met God se hulp gehelp het, hom. In Egipte, ná die vet jare, kom die droogte. En tog, wanneer Josef sy verhaal aan sy broers vertel, vertel hy dit as 'n verhaal van oorwinning en vergifnis. Al die ellendes wat hy in sy lewe

ondervind het, sien hy as die verskillende paaie wat hy saam met God gestap het op pad iewers heen, op pad na sy lewensdoel om lewens te red.

God het 'n pad en 'n plan met Josef. Deur God se pad te onderskei en daarby aan te sluit, herskryf Josef telkens sy lewe – op die manier waarna hy op sy lewe terugkyk en die sin daarin raaksien.

Dit is 'n belangrike les om by Josef te leer ... om terug te kyk op ons lewe en nie die slegte raak te sien nie. Om te beseef dat die ellendes wat ons oorgekom het, deel was van 'n pad waarop ons kon groei. Deur ellendes en swaarkry, is ons saam met God op pad.

Eintlik sou 'n mens dit só kon stel: Ons mag nie terugkyk op ons lewe en net die mislukkings en terugslae raaksien nie. As ons met God op pad is, is ons nie vasgevang in ons swaarkry nie. Ons is op pad. Nooit bly ons vasgevang nie. Want God is dáár, en God stap saam.

Ons kan selfs die pyn wat ander mense ons aangedoen het, oorkom en dit deel van ons en God se suksesverhaal maak. God beoordeel ons nie op die swak plekke van ons lewe nie. Daarom mag ons dit ook nie doen nie.

Amen

Bylaag 1

Beeld van tapisserie werk en gedig van Corrie ten Boom gee nogal perspektief The Weaving, as popularized by Corrie ten Boom.

I first heard this lovely poem in a documentary about Corrie's life. I don't know if she wrote it or just shared it often. Most of what I have found claim she is the author but there is indication that she just shared it but didn't know who wrote it. She would show folks the underside of a weaving, which was messy with all sorts of knots and crossed threads. You could not tell what it was or even see a hint of the true beauty of the piece. But when she turned it over, there was a lovely crown, beautifully woven out of all those messy threads from the underside. We often only see the underside but God is the master weaver and will make something beautiful out of our lives if we allow him to.

The Weaving

My life is but a weaving

Between my God and me.

I cannot choose the colors

He weaveth steadily.

Off' times He weaveth sorrow;

And I in foolish pride

Forget He sees the upper

And I the underside.

Not 'til the loom is silent

And the shuttles cease to fly

Will God unroll the canvas

And reveal the reason why.

The dark threads are as needful


In the weaver's skillful hand


As the threads of gold and silver

In the pattern He has planned

He knows, He loves, He cares;
Nothing this truth can dim.
He gives the very best to those
Who leave the choice to Him.



 Corrie ten Boom Museum

 Share This Inspiration